DEEL 118 | WEEK 19 | 8 MEI 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, … RUMOUR



# Albie Schoeman: Die man wat altyd gegee het

Vir 'n oomblik het die dorp stil gaan staan en na sy asem gesnak toe die onwerklike werklikheid geword het in een sin: Albie Schoeman is oorlede.

Albie is vroeër in die week aan sy skouer geopereer, is ontslaan en by sy seun in Vanderbijlpark aangesterk toe hy skielik Woensdagoggend oorlede is.

Met sy heengaan verloor Heilbron nie net 'n bekende inwoner nie, maar ook 'n man met 'n sagte hart wat stil-stil diep spore van omgee in talle mense se lewens getrap het.

Albie was wyd bekend vir sy liefdadigheidswerk en sy bereidwilligheid om altyd 'n helpende hand uit te steek waar hy kon. Hy het maandeliks voedselpakkies aan ongeveer 160 mense voorsien en saam met sy vrou baie meer liefdadigheidswerk gedoen as wat die meeste mense ooit besef het. Hulle het verkies om eerder in stilte te gee as om erkenning daarvoor te ontvang.

Vir baie inwoners was Albie 'n ware "Heilbron Hero". Hy was selfs genomineer vir Heilbron se "Hero van die Maand" danksy sy onselfsugtige diens aan die gemeenskap. Gedurende die Covid-tydperk het hy ook die Heilbron Herald ondersteun met skryfstukke en aangrypende stories wat mense laat glimlag en moed gegee het in moeilike tye.

Hoewel hy 'n groot hart vir sy gemeenskap gehad het, was sy grootste trots sy familie — veral sy kleinkinders. Hy was baie betrokke by hulle lewens en het dit geniet om stories en video's van sy kleinseun, Albie Jnr., te maak en te deel. Een van die spesiale oomblikke wat hy gekoester het, was toe hy 'n persoonlike videoboodskap van RG Snyman oor sy sewende verjaardag ontvang het.

Schoeman was oorspronklik van Zastron en het die grootste deel van sy lewe in die korporatiewe wêreld deurgebring. In sy aftrede het hy egter sy ware passie uitgeleef — om na stories te luister en self stories te vertel. Sy bekende "briewe aan dominee Braam" het gestalte gekry in die doen en late van Oom Danie se grendelervaringe, wat hy as klaagliedere aan sy geliefde dominee gerig het. Hierdie stories het baie mense laat lag, dink en saamleef. Albie Schoeman se plek in Heilbron staan nou leeg, maar sy nalatenskap van liefde, omgee en diensbaarheid sal nog lank voortleef - 'n groot boom wat geval het, maar wie se skadu nog lank oor die dorp sal rus.

Kom vier saam Albie se lewe Vrydag, 15 Mei om 10:00 vanuit NG Moedergemeente Heilbron.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Pleegsorg bewustheid in Mei: ‘n Belegging in ons kinders se toekoms



• *Elmarie Els-Hammann*

Mei is Pleegsorg Bewustheidsmaand – ’n tyd waarin ons as gemeenskap saamstaan om die belangrikheid van veilige, liefdevolle tuistes vir kwesbare kinders te beklemtoon. In Suid-Afrika is die behoefte aan pleegsorg groot, en elkeen van ons kan ’n rol speel om hoop en stabiliteit aan kinders in nood te bied.

Pleegsorg is ’n vorm van tydelike sorg waar kinders wat nie by hul biologiese ouers kan bly nie, in ’n veilige en ondersteunende gesinsomgewing geplaas word. Hierdie kinders kom dikwels uit moeilike omstandighede waar daar sprake is van verwaarlosing, mishandeling, armoede of ouers wat nie in staat is om vir hulle te sorg nie.

’n Pleegouer bied nie net ’n dak oor ’n kind se kop nie, maar ook liefde, stabiliteit en die geleentheid om weer kind te wees. Pleegsorg kan kort- of langtermyn wees, maar die fokus bly altyd die beste belang van die kind.

**Kriteria vir pleegsorgouers:**
**Om ’n pleegouer te word, moet jy:**

- 18 jaar of ouer wees
- ’n Stabiele en veilige leefomgewing hê
- Emosioneel gereed en beskikbaar wees om na ’n kind om te sien
- Bereid wees om met maatskaplike werkers saam te werk
- ’n Positiewe ingesteldheid en geduld hê
- ’n Skoon kriminele rekord
- Finansieel stabiel wees (’n pleegsorgtoelae word deur die staat voorsien)
- Die kind se beste belang eerste stel

Enige persoon – getroud, enkel of ’n familielid – kan aansoek doen om ’n pleegouer te word, mits hulle aan die vereistes voldoen. ’n Deeglike keuringsproses word gevolg om seker te maak dat kinders in geskikte en veilige huise geplaas word.

**’n Suksesstorie wat hoop bring:**

’n Jong seuntjie, “Pieter” (skuilnaam), is op ’n baie moeilike stadium uit sy ouerhuis verwyder weens ernstige verwaarlosing. Hy was stil, angstig en het gesukkel om ander te vertrou. Deur die ondersteuning van Engo Gesinsorg is hy by ’n toegewyde pleeggesin geplaas.

Aanvanklik was die aanpassing moeilik, maar met tyd, geduld en konsekwente liefde het Pieter begin oopmaak. Sy pleegouers het hom ondersteun met skoolwerk, emosionele ontwikkeling en selfvertroue. Vandag is hy ’n gelukkige en selfversekerde kind wat floreer op skool en weer hoop het vir sy toekoms.

Hierdie storie is net een van vele wat wys hoe ’n stabiele, liefdevolle huis ’n kind se lewe totaal kan verander.

**Waarom is pleegsorg so belangrik?**

Kinders wat in ’n gesinsomgewing grootword, ontwikkel beter emosioneel en sosiaal. Hulle kry die kans om te behoort, te groei en hul volle potensiaal te bereik.

**Hoe kan jy betrokke raak?**


Selfs al kan jy nie self ’n pleegouer wees nie, kan jy steeds help deur bewusmaking te skep, pleegouers te ondersteun of betrokke te raak by organisasies wat met kinders werk.

Indien jy belangstel om meer te leer oor pleegsorg of self ’n verskil wil maak, kontak gerus Engo Gesinsorg. Hulle bied professionele leiding, ondersteuning en opleiding aan voornemende pleegouers.

Kom ons maak Mei-maand ’n verskil. Elke kind verdien ’n veilige, liefdevolle huis – en jy kan deel wees daarvan.




## UIT DIE PEN: *Week 19*



Oh, my hat! Hoor ek iemand sê. Dis vir seker beter om dit te sê as die ander OMG uitdrukking wat ons oor die TV, op straat en deesdae oor die radio hoor.

Iedergeval. ’n Vriend van my is die musikale regisseur van ’n radiostasie. Die ander dag raak ons twee aan die gesels oor daardie radiostasie, en ek sê toe dat ek nog nooit daarna geluister het nie. Ek weet nie hoekom nie.

Wanneer ek werk, is my radio gewoonlik sag in die agtergrond. Dit moenie steurend wees nie.

Kleintyd, onthou ek, het ek altyd my huiswerk gedoen terwyl ek na Springbokradio se stories geluister het. Toe Springbokradio toemaak, het ek na 702 en destydse Radio 5 geluister.

Ek sê vir vriend ek gaan van die volgende dag af na sy radiostasie luister. So skakel ek toe in net toe hulle ’n onderhoud het met ’n lewensafrigter. Ek luister aandagtig.

“Die lewe is nie altyd easy nie, en net so vir baie van die young peeps. Die challenges is real. Regtig, regtig real. En ons grow up hearing that if you work hard, sal alles fine wees. Maar in reality, things don’t always work out soos jy beplan nie. Maar soms is dit net makliker to express hoe ek really voel.

“Een van die grootste challenges in ons lewe is dealing with pressure. Daar’s pressure van oral af. Vanaf die skool, ons familie, die omgewing en even social media. Everyone expects you to succeed, but nobody really talks about how hard it is nie. Jy sit laatnag en study, trying your best, maar die results lyk nie altyd soos wat jy verwag het nie. Dit match nie jou effort nie. Jy kan voel like jy’s nie goed genoeg nie, even though jy jou beste probeer doen. Imagine dit: dis ’n soort pressure wat regtig met jou confidence kan mess.

“Nog ’n challenge is om uit te figure wie jy actually is en in watter space jy is. Baie jong mense struggle met identity, veral in ’n omgewing in ’n world waar mense jou so vining judge. Jy wil inpas, maar you want to be yourself. Dis nie altyd maklik nie. Sometimes verander jy hoe jy praat of hoe jy aantrek of hoe jy act net om in te pas. But deep down, jy weet dit’s nie regtig jy nie. Finding your true is nie ‘n quick fix nie, dit vat tyd en dis okay om nie alles sommer vinnig uit te figure nie.

“Financial struggles is ook ’n huge issue. Almal het nie dieselfde opportunities nie, en dit maak die lewe unfair. Jy sien ander mense living their best lives online, maar behind the scenes, worry jy oor geld en groceries en jou social profile en jou basic needs. Dit kan so overwhelming wees, especially wanneer jy jou familie wil help, maar jy kan nie omdat jy nie genoeg geld en resources het nie. Dit help om vir ons resilience, aan te teer, maar dit vat baie guts om aan te hou.

“Verhoudings is ook baie complicated. Vriende ko men gaan en party mense wat jy dalk nou dink is jou vriende, end up hurting you. Laat ek nie eers oor die liefde praat nie. Dis ’n complete different story. Liefde kan so mooi wees, maar ook so pynlik en confusing. Jy en jou girlfriend gaan dalk deur misverstande, break ups, en probleme met kommunikasie. Dit is emotionally draining. Maar al hierdie experiences help jou om te groei, al voel dit nie so in the moment nie.

“Ek praat nog nie eers oor die mental health issues nie! Baie mense ignore dit, maar dis actually baie belangrik. Jy kan dalk smile voor mense, maar deep inside voel jy leeg. Leer om jou feelings te acknowledge, dis nooit moeilik nie, veral as iemand sê jy moet man up. laugh in front of people, maar binne voel jy leeg of stressed. Talking about your feelings is nie altyd maklik nie, veral as iemand sê jy moet man up. Die waarheid is dat dit dit okay is om hulp te vra. Strength beteken nie om alles alleen te handle nie.

“Even met al hierdie challenges, is die lewe vol opportunities. Elke struggle leer jou iets. It might not make sense now, maar later sal jy sien hoekom jy deur dit alles moes gaan. The key is om nie op te gee nie. Keep pushing, selfs as dinge tough word, onthou every small step forward tel.

“Om af te sluit: life is a journey vol ups en downs. Challenges sal altyd daar wees, but they don’t define you. Wat saakmaak is hoe jy daarmee deal en hoe dit jou as mens laat groei. Hou aan probeer, stay positive en onthou: you are stronger than you think.”

En op daardie noot skakel ek toe weer terug na die ander radiostasie. Die een waarna ek gewoonlik luister, al lewer almal wat leef kommentaar daaroor. Ek kon net nie meer nie. Afrikaans of Engels. Kies een. Dis nie so moeilik nie. En as jy nie Afrikaans kan praat nie, praat dan Engels, dis ook goed so.

(Ek moet bieg: dis is nie presies wat gesê is nie, en ChatGPT het my effens gehelp, maar jy kry die prentjie.)

Noem my maar oud, lank in die tand, selfs oermoeder, ek sal dit kan hanteer. Maar what blows me away is dat die meeste mense waarmee daar deesdae onderhoude op radio en TV gevoer word, Mengels gebruik. En hulle dink Mengels is in.

Ek het hierdie week agtergekom en geleer dat ek glad nie van Mengels hou nie. Ek gaan nie eers cool probeer wees nie. Ek sukkel eerder om die regte Afrikaanse woorde uit my menslike brein.

Ek probeer so hard om regtig mooi Afrikaanse te praat. Ek wens dis oral so.

# Gemeenskap neem afskeid van Lorraine Pretorius

Die gemeenskap van Heilbron het op 1 Mei afskeid geneem van Lorraine Pretorius tydens 'n diens by die Nederduitse Hervormde Kerk.


Lorraine is op 26 April skielik oorlede nadat sy by Huntex ineengestort het. Sy is na die naaste hospitaal geneem, waar sy kort daarna oorlede is.

Sy was 'n bekende en geliefde figuur in die gemeenskap en het 'n groot bydrae gelewer tot verskeie plaaslike aktiwiteite. Lorraine was betrokke by die gholfklub en het dit geniet om rolbal te ondersteun. Sy was ook haar man, Willie Pretorius, se grootste ondersteuner en altyd sy nommer een "fan" wanneer hy aan Rolbal en skietgeleenthede deelgeneem het.

Lorraine word onthou vir haar vriendelikheid, haar lewenslus en die manier waarop sy mense bymekaar gebring het. Haar afsterwe laat 'n groot leemte in die harte van dié wat haar geken het.

Sy word oorleef deur haar man, Willie Pretorius, twee dogters Loandré en Wilandré en skoonseuns Johan en Bertie.

Ons innige meegevoel gaan uit na haar familie en vriende in hierdie moeilike tyd.






# Young Star Shines at Little Miss Empower Pageant

Lushay has once again proven her talent and dedication after participating in the Little Miss Empower pageant, where she proudly earned the title of First Princess. This marks yet another impressive achievement for the young star, highlighting her consistency and passion.

In addition to her success on stage, Lushay was also awarded the prestigious Influential Role Model of the Year title, recognising her positive impact and inspiring presence among her peers. She expressed heartfelt gratitude to everyone who has supported her journey. "I want to thank everyone for their love and support," she said. Lushay also shared a special message for her younger sister, thanking her for her understanding when she and her mother travel for pageants.

Looking ahead, Lushay is preparing for her next big opportunity as she takes part in the Miss Supremacy 2026 pageant, set to take place on 29 August at the Victory Theatre in Johannesburg. She is determined to give it her all.

She has also called on the community for continued support, encouraging everyone to show their backing through votes, likes, and shares as she embarks on this exciting new chapter.

# MEL betower gehoor met humor en skerp tong

Op 1 Mei het die bekende MEL die storie verteller 'n vermaaklike vertoning gelewer wat die gehoor behoorlik laat skaterlag het. Haar skerp tong en humoristiese vertellings het beide mans en vroue van begin tot einde geboei.

Die geleentheid was 'n fondsinsameling ten bate van Kleuterkasteel, en is goed ondersteun deur die gemeenskap. Dit was 'n gesellige aand wat deur almal terdeë geniet is en beslis as 'n groot sukses beskou kan word.











# Huppel Trippel-Lede gesels oor onthoukos

Te midde van sagte reën wat buite val, het 'n klompie lede snoesig in 'n kring gesit en gesels oor kindertyd se kos. Daar is nostalgies onthou hoe oumas reuse brode gebak het in buite-oonde; asook die kuns van presies weet wanneer die kole in hierdie oond nét die regte hitte het. Die lekker en die kuns van hoe om melkkos te maak is uitgepluis. Net só is daar 'n onderskeid gemaak tussen boerewors en braaiwors. Nonna het verduidelik waar die woord, biltong vandaan kom. Wie onthou nog van room karring om botter te maak of van varkvet met sout en peper op 'n sny boerebrood? Die pragtige tradisie van karmenaatjies uitdeel wanneer iemand hul jaarlikse bees en vark geslag het. Só ook die gewoonte om Saterdag se skaap wat geslag is se ribbetjies in die 'safe' op die stoep te hang om winddroog te word om Woensdag gebraai te kan word. Almal het met kwylmonde saamgestem: Dit was die goeie ou tyd... Dankie Nonna. Dit was 'n heerlike oggend. Oor twee weke, op 19 Mei, woon die Huppel Trippelgroep die Pinkster-biduur wat deur ds Braam v Zyl aangebied sal word in die rooi sitkamer by. Die gemeenskap is baie welkom om saam te aanbid. Dit begin om 10uur.



*'n Paar van die dapperes wat die reën getrotseer het met 'n pakkie heerlike biltong wat Nonna saamgebring het.*


# Vrystaat vertrou op Heilbron-onderhoof vir SA-kampioenskappe

Mnr. Jan Brits, onderhoof van Hoërskool Heilbron, is onlangs aangewys as diskusafrigter van die Vrystaat-atletiekspan wat vanaf 29 April tot 2 Mei aan die SA Atletiekkampioenskappe by Pilditch Stadion in Pretoria deelgeneem het.

Hierdie prestasie is 'n groot eer, nie net vir mnr. Brits nie, maar ook vir Hoërskool Heilbron en die breër gemeenskap. As diskusafrigter het hy die span vergesel na die kampioenskappe, waar atlete van regoor Suid-Afrika hul talent ten toon gestel het.

Die kampioenskappe was uiters mededingend, met provinsies wat sterk vertonings gelewer het. Gauteng het die medaljetabel oorheers met 'n indrukwekkende 138 medaljes, gevolg deur die Wes-Kaap met 77 medaljes. Die Vrystaat het egter ook sy man gestaan en 'n verdienstelike totaal van 58 medaljes ingepalm—'n bewys van die provinsie se groeiende krag in atletiek.

Mnr. Brits se betrokkenheid by die span getuig van sy toewyding, ervaring en passie vir atletiek, veral in die diskus-item. Sy aanwysing is 'n bewys van die hoë gehalte afrigting wat hy oor jare lewer, sowel as sy vermoë om atlete tot hul volle potensiaal te ontwikkel.







HEILBRON
landbou agriculture

## VELDBRANDE

***• Heilbron Landbou***

Dit is alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998
(Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar om werkershuise en ander geboue waar brande nog kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref is om brande te voorkom.

Versuim om gevolg te gee aan die bepalings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

# DA to escalate public works debt to the MEC to restore electricity to Ngwathe libraries

*by Cllr. Small Sehume - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe will write to the MEC for Public Works to secure the urgent settlement of the Provincial Department of Public Works' outstanding account with Ngwathe Local Municipality (NLM), following ongoing electricity disconnections that are depriving residents and learners of access to vital public services.

We are deeply concerned about the Department of Public Works' failure to settle its outstanding account with Ngwathe Local Municipality (NLM), which is directly harming residents and learners in our communities.

The Schokenville Library spent nearly the entire month of March 2026 without electricity due to this very problem. While power has since been restored there, the crisis has shifted: on 19 April 2026, the Municipality cut off electricity to the Tumahole Library because the Department of Public Works failed to pay its municipal account.

Learners are once again paying the price, as they cannot access computers or print documents and are being denied the basic educational resources that a functioning public library should provide.

It is unacceptable that a government department, funded by taxpayers, is contributing to service delivery failures by failing to honour its financial obligations to the municipality. When a department owes the municipality, it is the community and, particularly, the most vulnerable, our learners, who suffer the consequences.

Government departments cannot be exempt from the same financial obligations as ordinary residents.

We will continue to monitor this situation closely and will hold both the municipality and the Department of Public Works accountable to the communities they are meant to serve.

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the late:**
OOSTHUIZEN, ELSIE MARIA
**Estate Number:** 1804/2026
**Identity Number:** 560101 0044 089
**Last address:** FARM VERDUN, DISTRICT ORANJEVILLE, PROVINCE FREE STATE
**Date of death:** 26 January 2023
All persons having claims against the above-mentioned Estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**NAME OF AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**
**B0107/0597 - 1804/2026**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the late:**
LUDZIYA, MJONGI
**Estate Number:** 8045/2025
**Identity Number:** 700520 6032 080
**Last address:** ERF 14538, ZAMDELA, DISTRICT SASOLBURG, PROVINCE FREE STATE
**Last address:** 12 JUNE 2025
All persons having claims against the above-mentioned Estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**NAME OF AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## LIQUIDATION- AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATE LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the late:**
HARMSE, DANIëL GERHARD
**Estate Number:** 3204/2024
**Identity Number:** 560426 5047 088
**Last address:** THE FARM SCHURVEKOP, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE
**Last address:** 09 March 2024
The First And Final Liquidation- and Distribution Account in the Estate will be open for inspection for a period of 21 days at the Office of the Master of the Supreme Court, BLOEMFONTEIN and the magistrate district, as from 8 May 2026 until 29 May 2026.
**NAME OF AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 4797/2024
**Surname:** Makhele
**First Names:** Malesoli Apaphia Motsokoane
**ID Number:** 560921 0217 082
**Last Address:** Stand 326 J, Elite, Phuthadit Jhaba, Province Free State
**First Names of Surviving Spouse**: Napo Charles Phiri Makhele
**Surname of Surviving Spouse:** Makhele
**Id Number of Surviving Spouse:** 541004 5765 084
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Heilbron
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc. Attorneys
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-05-04
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:**
2026-05-08


STROOP VAN SOJAS



PAUL KEOGH
071 363 4129


FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of a
**Deed of Transfer: TE1410/1995**
in favour of:
**MADITSHABA BINKY ALICE LESEKA**
**IDENITY NUMBER: 340707 0236 082**
**UNMARRIED**
In respect of certain:
ERF 368 PHIRITONA
DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE
IN EXTENT 475 (FOUR HUNDRED AND SEVENTY FIVE) SQUARE METRES
Which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State, Bloemfontein, 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301 within two (2) weeks after the date of publication of this notice.
Dated at Newcastle on this day the 6th May 2026.
**SB MOEKETSI ATTORNEYS INC**
**SUITE 4, AMANDA PLACE**
**76 HARDING STREET**
**NEWCASTLE, 2940**
**TEL: 087 265 5188 / CELL: 069 494 3629**
**E-MAIL: vuyisile@moeketsiattorneys.co.za**
**REF: MA/VL-02/TR/26**


WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National





YOUR TEXT
SELF-INKING DATER STAMPS



SELF-INKING STAMPS
Herald
Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033



TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald
Office National




BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON








POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK



BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078


# SMALLS

# DIENSTE


BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

## Hoog drama by Heilbron Gholfklub se Klubkampioenskappe



*Na 'n harde dag se spel is die bekerwenners van Heilbron Gholfklub vir 2026 aangewys. Op die foto bo verskyn hulle van links na regs: Jackie Leonard, Rikus van Rooyen (president van Heilbron Gholfklub), Isabelle Hausleitner, Leonard Strydom, Simon Malgas, Tulani Malgas en JJ Joubert.*

Die jaarlikse klubkampioenskappe van Heilbron Gholfklub, wat verlede Saterdag plaasgevind het, het in ware dramatiese styl afgespeel toe die voorste spelers in die gesogte A-afdeling ná 36 putjies kop-aan-kop geëindig het.

Simon Malgas en Jackie Leonard kon nie van mekaar geskei word nie en het albei indrukwekkende rondtes voltooi om gelykop op 149 te eindig. Volgens die reëls sou 'n "sudden death"-uitspeelronde die wenner bepaal, maar swak ligtoestande het dit onmoontlik gemaak om voort te speel. Die bestuur het toe besluit dat die twee spelers mekaar hierdie komende Saterdag oor 18 putjies sal aandurf om die kampioen van Heilbron Gholfklub te kroon – iets waarna almal met groot afwagting uitsien.

**In die ander afdelings is daar wel besliste wenners aangewys:**
**B-afdeling:** Leonard Strydom - 170
**C-afdeling:** Jackie Joubert - 192
**Senior A-afdeling:** Simon Malgas - 76
**Dames-afdeling:** Isabelle Hausleitner - 99
**Junior A-afdeling:** Tulani Malgas - 73

Die dag is gekenmerk deur uitstekende spel, goeie gees en sterk kompetisie oor al die afdelings heen. Met die A-afdeling se uitslag wat nog hangende is, is die verhoog nou perfek gestel vir 'n spanningsvolle eindstryd hierdie naweek.

Alle oë sal op Malgas en Leonard wees wanneer hulle finaal sake uitspook om te bepaal wie vanjaar se klubkampioen gekroon gaan word.

## Heilbron en Hoopstad pak mekaar in taai VKB-stryd

Op 1 Mei het Hoërskool Heilbron en Hoërskool Hoopstad kragte gemeet in die opwindende VKB-interskole reeks, met 'n dag vol harde, mededingende wedstryde. Die dag is as 'n groot sukses beskou, met spelers wat hul alles op die veld gegee het.

Die VKB-interskole reeks het ten doel om leerders op die platteland meer geleenthede te bied om hul sporttalent te ontwikkel en teen ander skole te meet. Hierdie reeks funksioneer as 'n gestruktureerde kompetisie waar skole in twee poele verdeel word.

Spanne van alle ouderdomsgroepe – van Bulletjies tot eerstes – neem deel, wat dit 'n inklusiewe en dinamiese sportervaring maak. Binne die twee poele ding skole teen mekaar mee om 'n plek in die semifinale te verseker, waarna die top skole deurdring na die finaal om te bepaal wie as die beste plattelandse skool gekroon sal word. Die reeks strek wyd oor die platteland, van Heilbron tot Zastron, en bring skole van verskeie gemeenskappe bymekaar in 'n gees van sportmanskap en gesonde mededinging.

Vir Hoërskool Heilbron, wat vanjaar vir die eerste keer aan die reeks deelneem, het die ervaring reeds 'n groot hupstoot gebied. Dit gee aan die skool die kans om hulself teen ander skole te toets en verder te groei. Volgens Pieter Bronkhorst, bestuurder van die VKB-tak in Heilbron, is dit besonders om te sien hoe plattelandse skole mekaar aanpak. "Daar is ongelooflike talent in ons kleiner skole, en hierdie reeks gee vir daardie talent 'n platform om te skitter," het hy gesê. Die VKB-interskole reeks bied nie net taai en opwindende wedstryde nie, maar speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van jong sportlui en die bevordering van sport op die platteland.






BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 11 MEI 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
FRANKFORT: GH MULLER & SEUN
Skape en Boerbokke
11:00, Kleinhoewe
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

DINSDAG - 12 MEI 2026
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169
MIDDELBURG: TIMAL BONSMARA PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Tweefontein
Kontak Rocco 082 799 2776 / Moolman 083 229 2500

WOENSDAG - 13 MEI 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
ROSENDAL 2-Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VRYDAG - 15 MEI 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44, Heilbron
Herald



Vir die stroop van Mielies en Sojas

Koos Engelbrecht
082 388 2277



VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING